

Graan SA Oggend Markkomentaar

GRAIN SA	DATUM		DATUM		+ - WEEK GELEDE		BY DIE GELD PUT OPSIE				
	2017/12/15		2017/12/14		2017/12/08		JULIE '18 TERMYNPRYS		WM	YM	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ	Data	PUT TREFPRYS	R	R		
DJIA-index	24509	-76.77	-0.3%	24585	1.2%	24211	PUT PREMIE	R	R		
Goud (Spot)	1254.41	-3.44	-0.3%	1257.85	0.5%	1248.59					
Brent \$/vat	62.62	-0.15	-0.2%	62.77	0.9%	62.06					
1 € / US\$	1.1781	-0.004	-0.3%	1.1822	0.2%	1.1756	MINIMUM SAFEX PRYS	R	R		
1 US\$ / ZAR	13.48	0.000	0.0%	13.48	-1.8%	13.73					
Corn	R 1 783.08	0	0.0%	R 1 783.08			*CBOT Corn Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Dec 12:00 the previous day				
Wheat	R 1 921.74	0	0.0%	R 1 921.74			*CBOT Wheat Dec cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Dec 12:00 the previous day				
Soybeans	R 4 799.44	0	0.0%	R 4 799.44			*CBOT Soy Jan cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jan 12:00 the previous day				
Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)							WEEK NR.		MIELIE UITVOERE		
Corn Des 17	336.00	0.00	0.0%	336.00	-1%	339.00	32	WM	YM	TM	
Wheat Des 17	392.00	0.00	0.0%	392.00	-2%	398.00	WEEK TOTAAL	5 679	42 922	48 601	
Soybeans Jan 18	979.00	0.00	0.0%	979.00	-2%	1002.00	JTD TOTAAL	540 097	1 160 427	1 700 524	
PLAASLIKE MARKINLIGTING							UITVOERBAAR		2 500 000	1 850 000	4 350 000
SORGHUM Mar '18	2850.00	0.00	0.0%	2850.00	0.0%	2850.00	JTD AS % VAN UITVOERBAAR	22%	63%	39%	
WMAZ Spot	1877.00	8.00	0.4%	1869.00	-0.5%	1886.00	TEMPO/WEEK BENODIG	97 995	34 479	132 474	
WMAZ Mar 18	1908.00	-10.00	-0.5%	1918.00	-1.6%	1939.00	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS				
WMAZ Jul 18	2009.00	-17.00	-0.8%	2026.00	-1.2%	2034.00	WEEK TOTAAL	6 442	4 339	10 781	
YMAZ Spot	1960.00	-12.00	-0.6%	1972.00	-1.7%	1993.00	JTD TOTAAL	9 519 053	6 404 430	15 923 483	
YMAZ Mar 18	2010.00	-16.00	-0.8%	2026.00	-1.5%	2041.00	NOK SKATTING + REGSTELLINGS	9 642 750	6 451 250	16 094 000	
YMAZ Jul 18	2081.00	-18.00	-0.9%	2099.00	-1.6%	2114.00	% GELEWER VAN OES	99%	99%	99%	
SOY Spot	4895.00	-9.00	-0.2%	4904.00	-1.5%	4970.00	TEMPO/WEEK BENODIG	6 185	2 341	8 526	
SOY May 18	5004.00	-61.00	-1.2%	5065.00	-2.0%	5106.00	KORING INVOERE				
SUN Spot	4525.00	-23.00	-0.5%	4548.00	-0.2%	4535.00	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM		
SUN Mar 18	4602.00	-22.00	-0.5%	4624.00	-0.9%	4646.00	WEEK TOTAAL	1 724	-	23 489	
WHEAT Spot	3964.00	13.00	0.3%	3951.00	-1.1%	4008.00	JTD TOTAAL	577 580	79 213	359 265	
WHEAT Mar 18	4087.00	16.00	0.4%	4071.00	-0.7%	4114.00	TOTAAL BENODIG	2 000 000	930 728	1 568 763	
WHEAT May 18	4147.00	20.00	0.5%	4127.00	-2.0%	4170.00	JTD AS % VAN BENODIG	29%	8.5%	23%	

NUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKY UIT VERSEIE MARKVERSLAE

**Mark oorsig:** Die rand verhandel vanoggend teen R13.48/\$ wat onveranderd is vanaf gister middag 12:00 met marksluiting. Die rand het die afgelope tyd weer heelwat ondersteuning gevind en het versterk. Die ondersteuning in die rand het getrek oor 'n wye reeks faktore vanaf die Amerikaanse dollar wat verswak het tot e n met die positiewe plaaslike politieke en ekonomiese gebeure wat plaasgevind het die afgelope twee weke. Die politieke situasie is ook baie kalmer as wat verwag was so op die voorhand van die ANC se leierskapsverkiezing wat die naweek plaasvind. Die wisselkoers handelaars het egter aangedui dat hulle baie versigtig is vir wat die uitkomst van die ANC se leierskapsverkiezing op die wa arde van die plaaslike geldeenheid sal wees. Op hierdie stadium is daar baie onsekerheid en die rand kan skerp versterk of verswak afhangende van wie die nuwe president van die ANC sal wees. Op hierdie stadium is die meningspeiling dat dit meer gunstig sal wees eerder as nie en dus word daar verwag dat die rand eerder sal versterk. Daar kan egter in die volgende paar dae nog baie gebeur en net die tyd sal leer wat die uitkomst en die impak daarvan sal wees. Ander ekonomiese nuus wat gister bekend gemaak was is die kwartaalike bulletin van die SARB. Die groot faktor was hierin dopgehou was is die lopende rekening. Die tekkort op die lopende rekening het in die 3de kwartaal van 2017 gedaal tot en met 2.3% van die BBP vanaf die 3.4% van die BBP wat in die 2de kwartaal van 2017 gerapporteer was. Die tekkort in die 3de kwartaal van 2016 was 3.8% en daaruit kan die positiewe vordering gesien word wat gedurende 2017 gemaak was.

**Mielies:** Die Amerikaanse mieliepryse het gister meestal onveranderd verhandel en daar was nie groot pryswegings deur die loop van die dag gesien nie. Die mark het egter effens laer gesluit in beide die Desember '17 en Maart '18 kontrakte. Die mark het onder druk gekom met die weeklikse uitvoerverkope wat teleurstellend was. Die weeklikse uitvoerverkope was laer as wat die gemiddelde handelsverwagtinge vir die week was en ook laer as die volumes wat verlede week gerapporteer was. Die weeklikse uitvoerverkope was is beter as die volumes wat verlede week gerapporteer was. In die Europese Unie is die mielle invoere besig om toe te neem en die jaar tot datum invoere wat reeds da r gerapporteer was in amper 50% meer as die jaar tot datum invoere wat in dieselfde tydperk van die vorige seisoen gerapporteer was. Taiwan het in 'n internasionale tender mielies aangekoop vir lewering in Februarie 2018 en die aanduidings is dat hierdie mielies moontlik van Suid Afrika verky kan word. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliehandel het gister meestal laer verhandel en die mark het laer gesluit vir meeste van die kontrak maande wat tans gelys is van beide wit en geelmielies. Die mark het egter redelik in lyn verhandel met die pariteite van die dag. Die plaaslike weer voorspelling lyk ook gunstig vir die volgende 2 weke oor groot gedeeltes van die land.

**Sojabone:** Die Amerikaanse sojaboonmark het gister dubbel syfer dalings getoon hoofsaaklik as gevolg van die lae weeklikse uitvoerverkope as ook die vooruitsigte van reën wat in Argentinië voorspel word. Beide die Januarie en Maart kontrakte het skerp laer gesluit vir die dag gister. Die sojaboon uitvoerverkope vir die week was laer as wat die gemiddelde handelsverwagtinge vir die week was, en ook aansienlik laer as verlede week se uitvoerverkope wat gerapporteer was. Die sojaboon verwerking in die VSA vir November was t een 'n rekord vlak vir die maand gewees en die algemene verwerking van sojabone in die VSA is hoog hierdie seisoen met die Oktober verwerkings wat op die 5de hoogste maandelikse verwerking van alle tye gerapporteer word. Daar is ook sprake in die VSA dat die verwerkings kapasiteit besig in om teen 'n geweldige tempo uit te brei. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister ook skerp onder druk gekom en het laer gesluit vir al die kontrak maande wat tans gelys is. Die pariteite vir die dag was negatief gewees en die rand het ook versterk deur die loop van die verhandelings sessie.

**Koringpryse:** Die Amerikaanse koringmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag na die weeklikse uitvoerverkope verslag gunstig uitgekome het. Die weeklikse uitvoerverkope wat gister gerapporteer was is heelwat hoër as wat die gemiddelde weeklikse verwagting in die mark was en ook aansienlik hoër as verlede week se uitvoerverkope wat gerapporteer was. Dit is positief gewees vir die mark met die uitvoere vanaf die VSA wat die afgelope tyd baie laag was en die mark onder druk gehou het. Die mark verhandel in 'n meer sywaartse rigting teen hierdie relatief lae vlakke. Die weeklikse uitvoerverkopings was gerapporteer was is egter laer as verlede week se uitvoerverkopings en ook laer as die 4 weke gemiddelde verskopings. Die kompetisie in die internasionale koringmark is steeds groot en die en die jaar tot datum uitvoere vanaf die EU is ongeveer 25% laer as dieselfde tyd van die seisoen verlede jaar. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister ondersteuning gevind en het sterker verhandel vir die dag in al die kontrak maande wat tans gelys is. Die nuutste koring tarief wat reeds vroeg Oktober g etrigger was is gister in die Staatskoerant gepubliseer en die tarief is van vandag af R716.30/ton wat laer is as die vorige tarief van R910/ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: [www.grainsa.co.za](http://www.grainsa.co.za) / [www.sagis.co.za](http://www.sagis.co.za)  
Internasionale Markinsigte & Data: [www.usda.co.za](http://www.usda.co.za)

Opgestel deur Luan van der Walt / Vir navrae, kontak: [Luan@grainsa.co.za](mailto:Luan@grainsa.co.za)  
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

